



## TOULEIER



# Ons cueca die Nuwejaar binne saam met Chilene

## Hoofstuk 3 Deel 17

**N**uwejaar in Salamanca sal ons nie maklik vergeet nie. Mens neem mos sommer aan almal oor die hele wêreld, behalwe nou die Sjinese wat hulle eie ding doen, vier die nuwe jaar op naastenby dieselfde manier. So hoor ons op die markplein dat die beste Oujaarsaandmakietie, met orkes en al, by ’n sekere klub gehou gaan word en maak ons ons reg om ons eerste Nuwejaar saam met die Chilene te gaan inwy.

Ons rus goed met die middag se gebruikelike siësta en staan eers skemeraand op om uit te dos vir die dans. Ons het intussen al geleer hierdie nasie eet op heel ander tye as wat ons in Suid-Afrika aan gewoond is. Aandete of *cena*, begin eers ná nege saans. Vieruur die middag bel ons Suid-Afrika toe en wens vriende en familie ’n voorspoedige Nuwejaar. Ons is mos agt ure ouderwets/outyds. Daarna sit ons toe af saal toe so teen halftien met die idee om sommer daar iets te bestel om eers die maag ’n lagie te gee.

Ons kry maklik parkeerplek. Iets lyk nie pluis nie. Groot is die teleurstelling toe ons by ’n leë saal instap. Ons wonder of ons by die regte plek is. Net toe ons wou omdraai en gaan soek, daag ’n kelner op en begin van die tafels dek. Die man haal net sy skouers op as ons in ons gebroke Spaans probeer uitvind hoe laat die storie afskop. Al wat ons uit hom kry is ’n menu en ons bestel toe maar iets om aan te peusel terwyl ons wag.

Middernag is dit steeds net ons tweetjies daar en wens ek en kamermaatjie mekaar maar geluk met ’n glasie lokale vonkelwyn. Net ná twaalf daag die orkes op en begin uitpak en kitare instel.

Skaars is hulle opgestel en die mense begin opdaag. Eenuur is die saal stampvol.

Ons vind uit die Chilene is nie net goeie sangers en musikante nie, hierdie mense kan vir jou kaperjol! En hulle kan dans dat die stof staan! Gou leer hulle ons hoe die *cueca* (kweika) gedans word. Dis Chile se nasionale dans. Baie met ’n ritme soos ons vinnige langarm danse met ’n tikkie Spaanse flamenco bygegooi.

Die mans is in cowboydrag en hoede uitgevat. Hulle haal sulke spierwit sakdoeke uit en met dié in die een hand word daar soos wafferse kapokhaantjies in passies en sirkels om die dames gedans terwyl die sakdoek op en af gewuif en oor die kop geswaai word. Die tradisionele dames dra sulke wye kleurvolle rokke met valletjies in lae wat amper tot op die vloer strek.

Nogal ’n baie aanloklike en uitlokkende tipe van dans met ’n sterk Spaanse invloed.

Die son kom intussen stil-stil en ongemerk op en dis eers so teen tienuur toe ons uiteindelik bes gee en gedaan daar uitsluis. Terwyl ons die slaap van die dooies slaap, het die res blykbaar gedans tot dit weer siëstatyd geword het. Toe eers het die hele dorp gaan slaap.

Tot die volgende oggend.

**Hennie Greeff**  
**UITGEWER**  
**Onrusrivier**  
**pos@onsdorp.com**



# Om die kampvuur

## Van waar kom perdekrag?

Die Skotse ingenieur James Watt het die konsep van perdekrag geskep gebaseer op 'n eksperiment wat werkende perde wat 'n meulsteen by 'n brouery aandryf.

Hy het bereken dat een perd 15 ton in een minuut kan lig.

Dit word dikwels beskryf as 'n oorestimasie van 'n gemiddelde perd se krag, maar in 1933 het navorsing getoon dat hy min of meer korrek was.

Die meting word steeds gebruik in die beskrywing van 'n enjin se krag.

## Rieme styfloop

### Waar het die uitdrukking sy oorsprong?

Om 'n jong os mak te maak, is 'n riem om die horings gegooi en aan 'n paal vasgebind.

Sodra die jong os wegbeur, het die riem styf gespan. So het dit aangegaan totdat die os moeg was en stewig aan die paal vasgekoppel kon word.

Dié uitdrukking word gebruik as iemand in die moeilikheid kom.

### Het jy geweet?

Die Afrikaanse woord vir "huh" word "hê" gespel.

Byvoorbeeld: Wat wil jy hê, hè?" En nè en dè kry ook die gravis.

## Oor voorbokke en belhamels

(Met erkenning aan Gerhard van Huyssteen)

Afrikaans se idioomskat is oorlopend met woorde en uitdrukkings wat verband hou met plaasdiere en 'n agrariese leefwêreld. Van hondsgetrou en hondmak, tot snoeshaan en janhen, tot voorbokke en agterosse.

In vier woordeboeke waarin ek gesoek het, kry ek nie minder nie as 41 verskillende uitdrukkings waarin die woord "bok" voorkom: van die hedendaagse "bok vir sports" tot die vergete "iemand 'n Poolse bok span".

Maar waar kom die idiomatiese gebruik van "voorbok" vandaan?"

Nou kyk, my se loopwêreld is mos daar diep in die Noordwes in, op 'n plaas getoog. Die 1980's was El Niñojare en daar was geld vir niks nie – allermins om my en my suster ruim van sakgeld te voorsien. In standerd 1 (graad 3) het ek begin om met hoenders te boer; skropeiers en -braaikuikens was winsgewend.

In standerd 3 het ek entrepreneurs uitgebrei na boerbokboerdery, nadat my oom vir my so 'n spogrooikop-Kalahariboerbokram met 'n bokbaardjie present gegee het.

Janneman was uiteindelik die dominante ram in die trop, die voorloper, die voorbok. Wie al met boerbokke geboer het, weet dat hulle mos lief vir draadkruip is. En as jy nou ergernis met jou pa wil hê, dan moet jou voorbok (en sy hele trop) tussen jou pa se wolmerino's loop rondwei, want sien, bokhare op skouwol is so uit soos 'n geskeerde kinnebak by 'n kunsuitstalling.

Vandaar ook dat ons die skape van die bokke moet skei ("om die gewenstes van die ongewenstes te skei"), of juis jou bokke en skape deurmekaar jaag ("om te trou").

Om die gedraadkruipery te voorkom, moes ek Janneman van so 'n nektuig (gemaak uit bloekomtakke en rieme) voorsien. As jy dit nie doen nie, dan kruip die klein bogher altyd deur die drade en lei die hele trop met hom saam. Die nekding is dus 'n meganisme om jou bokke in die kamp te hou.

In die alledaagse gebruik van die woord "voorbok" word daar meestal gesinspeel op die leier in kattedwaad, die belhamel.

### Belhamel?

'n Gekastreerde boerbok is 'n kapater, 'n gekastreerde skaap 'n hamel. En soos kapaters is hamels ook voorbokke. In 'n skaaptrop – veral in Europa – word 'n klok (of bel) om sulke hamels se nekke gehang. Hulle is dan die bel-hamels.

# Duskantlander in Anderkantland

## GPS of Jesus



**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

**D**ie taxidrywer sit waaksaam met pieringoë en loer vir my in die truspieëltjie. Hier sit ek in die mouter en kan nie ophou giggel nie. Mens moet verby die rommel kyk. En jou oë oophou vir die handgeverfde slimmighede op borde langs die pad. Akkra sal 'n glimlag op jou gesig plak – heeldag; hou net jou oë oop.

'n Bord met rooi, swart en blou hoofletters adverteer 'n boomafkapdiens. Dieselfde mense adverteer besnydings en bied 'n beter lewe en 'n fantastiese tyd in *Heven* daarby. Is nie seker of jy vinniger in *Heven* sal beland omdat 'n boomkapper jou beetgekry het nie. Iewers in my geestesoog probeer ek die elektriese boomsaagprentjie uit my kop kry.

Mens hoef glad nie honger of dors te ly op straat nie. Hou net jou oë oop vir 'n advertensiebord wat ietsie interesants adverteer. Ná 'n paar maande leer jy van die verskil van drie eetplekke op straat. Al wat benodig word, is 'n koelteboom, blou plastiekstoele en 'n paar lendelam tafeltjies en jy is in besigheid.

'n *Kantien* bedien elke dag dieselfde mense en is gerieflik naby 'n kantoor, bank of boupersaal, 'n *restaurant* het veskillende daaglikse kliënte. Kantiens het miskien net so drie verskillende lokale disse beskikbaar, maar 'n *'spot'* is waar die koue wingersdappies met strooitjies aangebied word. Hierlangs drink inwoners die biertjie teen kamertemperatuur en die strooitjie sorg dat die effek reguit kop toe gaan. Dan sink hulle behaaglik terug in 'n leunstoel en wag dat die warm biertjie 'hom nou kom vat'!

Gewoonlik is daar agterlangs 'n halfdrom-braai wat varkkaiings uitbraai en die braaivleisgeur smokkel met jou brein sodat jou bek water.

Duidelik het detydse sendelinge gesorg dat die deursnit Ghanees oor die kop geslaan is met Christenskap, goed soos *God is Great*-plakkers op motors, *Jesus Loves Cocktails*, en 'n groot handgeverfde *Jesus* kompleet met 'n groen eksotiese glasie in die hand. Laat my wonder hoe presies weet hulle Hy verkies ietsie anders as wyn?

*God's way Tyre Shop Repairs* laat my wonder of al die ander dit verkeerd doen. Die *Jesus is the way* meubelmaker se Sondagwerkery en dubbele standaardte het my heel week aan die dink.

Maar lees die tekens: mens moet uitkyk, want orals dui Ghanese dinge aan met prentjies en so 'n stukkie oorgeërfde Ingelse kultuur. Straatkant se middelmannetjie is dor en droog sonder 'n grassie, plant of bossie, maar daar is 'n inligtingsbord wat die waarskuwing uitbasuin: *Stay off the grass!*

Miskien het die tekenaar iewers in Engeland gaan reis en so bietjie aaptwakkies geroek en tot die slotsom gekom dat hy oor eendag se groen grassies kan droom. Weet nou nie wie die groen grassies plant, bemis en water nie, maar intussen is die dromer se teken op.

Ek reken omdat soveel mense ongeletterd is, berus die onus op die kunstenaar om met die tekenprent sommer die hele boodskap oor te dra. Omrede daar nie veel publieke toilette is nie, herinner huiseienaars mense met inligtingsborde om nie teen hulle mure te urineer nie. Sommiges met prentjies en ander met woorde soos *Don't pee here again!*

Jy kan 'n plastiek harepruik nie rondswaai sonder om een of ander salon te tref nie. Hande en voete sweef soos afgekapte liggamsdele met monsteragtige naels en die foto's van haarstyle dui die nuutste kapsels aan.

Die mees skrikwekkende tekens is by verreweg dié van bosdokters. Erge grafiese prente van naakte mense met bloed wat uit verwronge privaatdele spuit en kru tonele van breuke en vergroeiings en abnormaliteite kan maak dat jy padlangs jou mouter omgooi. Hulle belowe wonders waarvan ons nog in die Bybel lees.

Daar is al koffietafel boeke bymekaar gesit oor die aardige sketse en skryfsels in Ghana. Soms mik ek met my foonkammeratjie in 'n rigting van iets aardigs, maar andersins wonder ek of die diep gelowige über taximan die GPS volg, want die plakker op sy paneelbord lees: *Jesus shows the way.*

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com



Koeie, olifante en buffels is getuies dat jy nie gewig verloor deur baie te stap en gras en slaai te eet nie.

## GRYS KOMMENTAAR

Die jong paartjie stap langs die see en sien twee bejaardes wat op 'n bankie sit en handjies hou.

**Vrou:** "Sal jy nog vir my lief wees al is my hare grys?"

**Man:** "Hoekom nie? Ek het deur al die ander kleure vir jou lief gebly."

## TEE IS 'N GROOT GEVAAR!

Tee is baie gevaarlik! Baie meer so as bier! Vermy tee!

Laas nag het ek tot om 03:00 veertien biere gedrink terwyl my vrou tuis gesit en tee drink het.

Sy was vreeslik kwaad toe ek by die huis kom.

Ek was stil en vreedsaam en het dadelik kooi toe gegaan terwyl sy op my geskree en gevloek het en gedreig het om my aan te rand.

Vanoggend was sy nog in dieselfde onverteerbare bui.

Asseblief, dames, as julle nie jul tee kan hanteer nie, moet dit nie drink nie!

## LOS MANS

Martha was verveeld met haar werk as sekretaresse en doen by die SAL aansoek as kajuitpersoneel.

"Juffrou, jy het reeds 'n lekker werk. Hoekom wil jy 'n verandering maak?"

"Ek soek nou 'n werk waar ek mans kan ontmoet."

"Maar jy ontmoet mos reeds baie mans?"

"Dis waar," sê sy. "Maar hulle is nie vasmak nie."

## VERWARDE PASSASIER

'n Passasier stap hoog in die takke voor 'n stilstaande bus en steier heen en weer terwyl hy sy kaartjie soek.

"Ek weet ek het een, ek weet net nie in water sak dit is nie," mompel hy.

Die kondukteur raak onrustig. "Ag, oukei, ek glo jou. Klim net op, jy vertraag nou 'n hele klomp passasiers!"

"Dis nie die punt nie," sê die dronkie. "As ek hom nie kry nie, sal ek nie weet waar om af te klim nie."

## ONDANKBAAR

Een jaar koop ek vir my skoonma 'n plot in die begraafplaas vir haar verjaarsdag.

Die volgende jaar koop ek niks. Toe sy wil weet waar's haar geskenk sê ek:

"Maar ma het dan nog nie eens laasjaar s'n gebruik nie."

En toe baklei ons.

## ANDY CAPP deur Smythe



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Jy sukkel nie met ou mans nie!

'n Ou man was 'n vragmotorbestuurder en was besig om langs die pad by 'n Engen garage te eet toe drie motorfietsryers wat baie boos lyk instap.

Die eerste een het na die ou man gestap, sy sigaret in sy pastei gesteek en by die kroegtoonbank gaan sit.

Die tweede een het in die ou man se melk gespoeg en by die toobnak gaan sit. Die derde een het die ou man se bord omgekeer.

Niemand in die kroeg het die moed gehad om 'n oog te knip nie. Die ou man het sonder 'n woord van protes opgestaan en weggegaan.

Een van die skobbejakke sê toe aan die kelnerin: "Hy is nie veel van 'n man nie, is hy?"

Die kelnerin het by die venster uitgekyk en geantwoord: "Hy is ook nie 'n wonderlike bestuurder nie. Hy het nou net met sy trok agteruit gery en drie motorfietsse verpletter."

**Die morele les is:** Moenie met ou mans skoor soek nie – hulle leef al baie langer as jy!

### MOOI UITGEWERK

Paddy en Mike het in 'n vooraanstaande restaurant gaan sit en elkeen 'n bier bestel.

Toe die bier opdaag, het hulle hul twee kosblikke uitgehaal en hul padkos begin eet.

Die bestuurder was nie gelukkig nie en het op hulle afgestorm.

"Verskoon my, maar hier mag julle nie jul eie kos eet nie," het hy gesê.

Paddy en Mike het mekaar verbaas aangekyk, hul skouers opgehaal en hul kosblikke omgeruil.

### DIE GROOT VERSKIL

Die drywer van 'n minibus taxi klop aan die hemelse hekke. Hy staan saam met 'n geestelike in die tou.

Petrus laat die taxidrywer in na 'n luukse woning met spuitfonteine. Die geestelike kry 'n klein huisie in 'n ry doodgewone voorstedelike huise.

"Ek wil nou nie kla nie," sê die geestelike, "maar hoekom kry die taxidrywer so 'n luukse huis en ek kry 'n klein ou plekkie?"

"O," sê Petrus, "dis alles 'n kwessie van meriete. Terwyl jy gepreek het, het mense geslaap. Terwyl hy die taxi bestuur het, het die mense gebid."

### Die Italiaanse swangerskap

Die 18-jarige Italiaanse meisie vertel haar ma dat sy haar maandstonde twee maande agtereenvolgens gemis het.

Die moeder is baie bekommerd en gaan koop 'n swangerskap-toets. Die toets is positief, en die ma is woedend.

"Ek wil weet watter vark dit aan jou gedoen het!"

Die meisie tel die foon op en bel. 'n Halfuur later hou 'n rooi Ferrari voor die deur stil. 'n Aantreklike man met grys hare en 'n Armani-pak aan klim uit en stap die huis binne.

Hy gaan sit in die voorkamer met die vader, moeder en dogter.

"Goeie môre. Jul dogter het my van die probleem vertel. Ek kan nie met haar trou nie weens my gesinsituasie, maar ek sal vir die res van haar lewe vir haar sorg en alle kostes betaal.

"As dit 'n dogtertjie is, sal ek 'n Ferrari, twee winkels, 'n huis, 'n strandfront villa en \$2 miljoen in haar bankrekening deponeer.

"As dit 'n seun is, kry hy twee fabriek en \$4 miljoen.

"'n Tweeling sal elk \$2 miljoen en 'n fabriek kry.

"Maar wat wil julle hê moet ek doen as dit 'n miskraam is?"

Dis toe dat die vader, gewapen met 'n haelgeweer, sy hand ferm op die man se skouer plaas, hom reguit in die oë kyk en kalmpjes sê:

"Dan probeer jy maar weer."

### SWAK GESKENK

Een jaar koop ek vir my skoonma 'n plot in die begraaftplaas vir haar verjaarsdag... Die volgende jaar koop ek niks.

Toe sy wil weet waar's haar geskenk sê ek: "Maar ma het dan nog nie eens laasjaar s'n gebruik nie."

En toe baklei ons.

## Britse Engels is so anders!

### 1. BIRD

In Suid-Afrika beteken dit iets wat vlieg en uit dinosaurusse geëvoleer het.

In Brittanje is dit 'n ietwat patronise-rende woord vir 'n vrou. Dit het moontlik uit "chic" ontwikkel.

### 2. COPPER

Dit is pype of drade wat dikwels gesteel word.

In Brittanje is dit 'n polisieman (wat daar ook baie meer volop is as hier).

### 3. FAG

By ons is dit 'n afbrekende term, by hulle is dit 'n sigaret.



### 4. CHIPS

Ons noem daai dun, krakerige skyfies aartappels in 'n pakkie tjips, al sê dit crisps op die pakkie. Ons gebruik dieselfde woord vir gebakte aartappels in repies gesny – slaptjips. Brittanje maak 'n duidelike onderskeid.

(En die Amerikaners noem dit French Fries, asof die Franse dit geskep het. Die oorsprong is eintlik Belgies.)

### 5. JUMPER

Dis iemand wat spring, ook die geleikabels by batterye. In Brittanje is dit 'n trui.

### 6. PANTS

Iets wat jy bo-oor jou onderklere dra om jou bene te bedek, nie om swaar asem te haal nie.

### 7. TEA

'n Lekker koppie tee, dalk Rooibos.

Veral in die noorde van Engeland beteken dit middagete (dinner). Dit lei tot groot misverstande.

### 8. TRAINER

Dis die mense wat hier 'n sataniese genot daaruit put om jou te laat sweet en oefen. Vir die Britte is dit net die hardloopskoene.



Die brein is wonderlik!  
Hy begin 24 uur per dag werk van voor

jou geboorte af.

Hy stop nooit – behalwe wanneer jy eksamen skryf of verlief raak.

## Darem nie meer só jonk nie!

Die ou oom lê in die hospitaal en die mooi nursie moet hom kom was. Toe sy die laken optel, staan sy paal daar vir almal om te sien.

"My jene oom! Maar oom is mos nog op en wakker!" bloos sy.

"Nursie, jy moes my in my jong dae gesien het. Ek kon 'n tweegelling emmer water op daai kêrel dra vir die lengte van 'n rugbyveld."

"Regtig oom? En deesdae?"

"Nee wat, deesdae vorder ek net tot op die halflin voor my ou knieë oppak."

## Twee oues raak weer verlief

Die bejaarde paartjie sit op die stoep.

Sy sê: "Ek onthou nog hoe jy my 'n piksoentjie gegee het net wanneer jy kon"

Die outoppie leun oor en gee haar 'n soentjie op die wang.

"En hoe jy my hand altyd vasgehou het met elke geleentheid." Hy neem haar hand in syne.

"Veral onthou ek hoe jy my altyd in die nek geknibbel het."

Die oom staan op en skuifel in die huis in.

"Waarheen gaan jy nou?" vra sy. "

"Ek gaan soek net gou my tande" seg hy oor sy skouer.

'n Ou kroegvlieg toeka se dae in Bothaville: "As ek 'n dubbel gedrink het, voel ek soos 'n ander man. Dan koop ek maar vir hom ook 'n dubbel."

**DIE meeste mans oor 40 speel jukskei.  
Eers juk hulle, dan skei hulle.**

## Aankondigings op die Londense moltreine

Hierdie is ware opgetekende aankondigings wat op die Londense "tube" gemaak is:

- ▶ "Dames en here, ek vra verskoning vir die vertraging in ons diens. Ek weet julle brand almal om by die huis te kom, behalwe as een van julle dalk met my vorige vrou getroud is. As dit die geval is, moet daardie persoon na die westelike roete oorklim en in die teenoorgestelde rigting reis."
- ▶ "Vanaand se vertraging word veroorsaak deur die lynkontroleur, wat aan die E&A sindroom ly. Dit beteken hy ken nie die verskil tussen sy elmboog en sy agterent nie. Ek sal julle op die hoogte hou met enige veranderings."
- ▶ "Dames en here, ons vra verskoning vir die vertraging, maar daar is 'n sekuriteitsprobleem by Victoria-stasie. Ons mag vir die afsienbare toekoms hier gestrand wees, so kom ons hou op om daaroor te tob en geniet die tydjie saam. Almal saam nou: 'Ten green bottles, hanging on the wall . . .'"
- ▶ "Bedel is verbode op hierdie trein. Moet asseblief nie hierdie beroeps-bedelaars ondersteun nie. As jy los geld het, gee dit aan 'n erkende welsynsorganisasie. As jy nie van so iets weet nie, kan jy die geld sommer vir my gee."

## UIT DIE BRITSE PERS

Die polisie het bekend gemaak dat 'n vrou wat vir winkeldiefstal gearrester is, 'n hele salami in haar onderklere versteek het. Haar verskoning was dat sy haar Italiaanse minnaar mis.

**(Manchester Evening News)**

Die Ierse polisie word gekortwiek in hul soektog na 'n gesteelde voertuig omdat hulle nie 'n beskrywing daarvan mag gee nie. Die voertuig behoort aan die Special Branch en hulle wil nie hê die publiek moet weet hoe dit lyk nie.

**(The Guardian)**

Op die toppunt van 'n storm het die hawemeester 'n kuswag gebel en hom gevra wat die geskatte windsnelheid is. Die kuswag het gesê hy is jammer, hy het nie 'n windmeter nie. Maar as dit sal help, kan hy sê dat die wind so pas sy Land Rover van die krans afgewaai het.

**(Aberdeen Evening Express)**

## Dis nou die tyd om Kaap toe te kom

Jy kom hou nie in Desember vakansie in Slaapstad nie. Tot hier diep in Februarie is dit warm, die suidoos en -wes waai jou gedaan, en snags kan jy dikwels nie sonder 'n jas gaan stap nie soos die suidewind deur jou sny.

So is daar vanjaar weer 'n klomp teleurgestelde Trônsvôlers wat teleurgesteld terug huis toe is.

"As jy in Gautêng bly soos ek," het Debby-Shay gekla, "is daar min om voor te lewe.

"So ek en Vleis het ons hoop op die Kaap gevestig, maar dis vervelig. Al wat die branders doen, is hulle gaan in en kom uit. 'n Mens kan ook nie saam met dolfyne swem nie."

Suzy van Sandton sê sy het gedink die bruin mense dra heeljaar karnaval-grimering en speel goed soos *Hie' kommie Alibama* op hul ukeleles.

"Toe ons vir een vra om iets te sing, het hy iets van my ma se Porsche gesê, wat simpel is, want sy ry 'n Bentley," het Suzy gekla.

'n Besoeker van die Oos-Rand het oor die vis gekla. "Die Kaapse vis smaak dan na vis, nie na hoender en beenmeel soos in Gauteng nie," was sy lamente.

"En die mense kyk jou skeef as jy Coke saam met jou rooi wyn drink, of jou cherrie stuur om vir jou 'n *refill* te kry en siegrets te koop!"



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

### JACOBS / CLAESENS

[amanda@multiplastics.co.za](mailto:amanda@multiplastics.co.za)

Ek is Amanda Estelle Gebore Jacobs, toe Botha nou van Wyk. gebore 09 Januarie 1961 in Suidheuwels Johannesburg. My pa is Mathys Johannes Jacobs gebore 29 Mei 1936, My ma is Marina Jacobs gebore **Claassen** op 29 November 1934. Ek wil graag my ouers se stamboom ondersoek.

### SCHOLTZ - Hendrik Johannes (Hennie)

[hennie@everestvanrental.co.za](mailto:hennie@everestvanrental.co.za)

Ek soek graag meer inligting rakende ons stamboom. My pa Francois Johannes Scholtz (Boet) My ma Stella Scholtz gebore Brandfort.

### COETZEE [gansie.coetzee@gmail.com](mailto:gansie.coetzee@gmail.com)

Beskik iemand dalk oor inligting of fotos van die Coetzee-familie van Postmasburg. Aangetroude vanne: Viljoen, Van der walt, Van der linde, Swanepoel, Reinecke, Du Plessis, Van den Berg, Bruyns. Kontak my asb.

Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.

## "Hy weet daarvan soveel as 'n kat van saffraan."

Dis een van die baie bekende spreekwoorde in 'n taal wat só ryk aan idiome is.

### Maar wat is saffraan?

Dit is die heel duurste spesery ter wêreld – vir dekades gewigsgewys duurder as goud – en is sinoniem met skoonheid, grasie en goeie smaak, en uniek omdat die aroma en geur daarvan nie gedupliseer kan word nie.

Dit word gekenmerk deur 'n bitter smaak en 'n jodoform of hooiagtige geur en 'n gee aan kos 'n ryk goudegeel skakering. Saffraan het ook mediese toepassings.

Dié spesery word uit die stampers van die krokusplant berei. Die Maleierslawe aan die Kaap was op hul beurt groot kenners van speserye, omdat hulle uit die speseryryke Ooste hierheen gebring is. Boonop was die Kaap op die seeroete tussen Europa en die Ooste, en saffraan was dus vir die Kapenaars niks vreemds nie.

Die herkoms van die idioom is onbekend, maar dit word reeds in een van die vroegste Kaapse geskifte opgeteken as "Wat weet 'n kat van saffraan?"



## Goeie apteker

Die vrou het ontdek dat haar skoothondjie skaars kan hoor. Sy vat hom veearts toe, wat vind dat albei ore vol hare is.

Hy maak hulle skoon, en beveel aan dat sy Nair koop en dit een keer per maand aan sy ore smeer om die probleem te voorkom.

Sy stap by die apteek in om Nair te koop.

Die apteker sê as sy dit onder haar arms gaan gebruik, moet sy vir 'n paar dae nie 'n reukweerder gebruik nie. As sy dit vir haar bene koop, moet sy hulle twee dae lank nie skeer nie.

Die vrou sê: "Dis nie vir my arms of my bene nie. As jy dan móét weet, ek koop dit vir my chihuahua."

Die apteker kyk haar begrypend aan, en sê: "In daai geval, mevrou, beveel ek aan dat jy 'n week lank nie fietsry nie."

## Bekkige kind

'n Vrou het baie las met haar bekkige seuntjie in die kerk wat op alles kommentaar lewer.

Eindelik raak haar geduld op en sy gryp hom en stap met hom oor haar skouer deur toe.

Toe sy so driftig by die deur uitstap, kyk hy oor haar skouer terug vir die gemeente en sê met 'n klokhelder stemmetjie: "Bid vir my!"



# AGTEROS

Net voor uitspantyd



As dit nie oor 'n nietigheid was nie, sou Gert een van die leiers van die nasie gewees het.

Deur Herman Charles Bosman

**D**ie vreemde ding – het oom Schalk Lourens opgemerk – is hoeveel moeite mense sal doen om hulle swakhede van die wêreld af weg te steek. Dikwels, natuurlik, is dit glad nie eers swakhede nie; dis net dat die mense wat hierdie eienaardighede het, dit nie weet nie.

Nog iets wat hulle nie weet nie, is dat die wêreld die hele tyd bewus is van die dinge wat hulle dink hulle wegsteek.

Ek onthou 'n storie wat my oupa lief was om te vertel – oor iets wat gebeur het toe hy 'n seuntjie was. Natuurlik was dit lank gelede. Dit was voor die Groot Trek. Maar dit lyk of daar selfs in daardie dae baie probleme tussen die Boere en die Engelse was.

Dit het baie te doene gehad met die slawe. Die Engelse regering wou die slawe vrystel, het my oupa gesê, en een man wat baie prominent was by die vergaderings wat gehou is om daarteen te protesteer, was Gert van Tonder.

Dit was so dat Gert van Tonder 'n baie knap kêrel en 'n goeie spreker was. En hy was dan ook op sy allerbeste wanneer hy oor 'n saak gepraat het waarvan hy niks geweet het nie. Dan het hy baie hard gepraat. Soos jy kan sien, was hy 'n goeie leier.

En so, toe die slawe vrygestel is, en 'n manifesto opgetrek is om aan die koning van Engeland gestuur te word, het die Boere van Graaff-Reinet dit eers na Gert van Tonder toe geneem vir sy handtekening.

Jy kan jou voorstel hoe verras almal was toe hy geweier het om dit te onderteken. Hy het daar gesit met die manifesto voor hom, en die pen in die hand, en hy het gesê dat hy van besluit verander het. Hy het gesê dat hulle miskien 'n bietjie oorhaastig was om aan die koning van Engeland oor so 'n onbelangrike saak te skryf.

“Selfs al is die slawe nou vry,” het hy gesê, “maak dit glad nie saak nie. Laat net een van my slawe optree asof hy vry is. Ek sal hom wys. Laat hy net probeer.”

Die plaasboere het vir Gert van Tonder gesê dat hy heeltemal reg was. Dit het nie regtig saakgemaak of die slawe vry was of nie. Hulle het gesê dat hulle dit reeds geweet het.

Maar daar was 'n hele klomp ander griewe in die manifesto, het hulle verduidelik, en hulle wou dit aan die koning van Engeland stuur sodat hy kon weet dat, as die onregte teen hulle nie reggemaak word nie, hulle uit die Kaapkolonie sou wegtrek.

My oupa het altyd gesê dat almal nog meer verbaas was toe Gert van Tonder die pen neergesit het, heel ferm en beslis, en aan die Boere gesê het dat hulle maar kon trek, reg tot aan die anderkant van Afrika vir al wat hy omgee. Hy was heeltemal tevrede met die manier wat die koning van Engeland dinge gedoen het. Gert het gesê dat daar baie omtrent die Engelse bestuur was waarvoor hulle almal dankbaar behoort te wees.

Die uiteinde van al dié gebeure was dat, toe die Boere uit die Kaapkolonie weggetrek het, noorde toe, met hulle swaargelaaide waens, en hulle lang spanne osse, en hulle gewere, Gert van Tonder nie saam met hulle gegaan het nie.

My oupa het dikwels gepraat van hoe 'n nietige ding dit was wat Gert van Tonder daarvan laat weerhou het om in die geskiedenis as een van die leiers van die nasie onthou te word.

Dit was alles as gevolg van een swakheid van hom – hy wou nie dat die mense moes weet dat hy nie kon lees of skryf nie.

(Storie uit die skrywer se *Bushveld Romance*)

